BOERDERYKOMMISSIE VERGADERING

Gehou op Derika, op 4 April, 1932.

Al die lede is teenwoordig, nl. Ds.W.A.Krige, B.B.J.Taljaard, en C.J.Groenewald, asook die Sendingboer, Br.C.Lippenaar. Die vergadering word met 'n paar gebede geopen.

Besluite:

1. By ondersoek na die plus-minus £20- se goed wat br.G.Dippenaar van Eerw.J.van Heerden oorgeneem het - blyk dat dit 'n private transaksie was. Ons kan verder meld dat behalwe sowat £5- se koring, al die ander goed aan Eerw.van Heerden teruggegee is.

2. As Boerderykommissie wil ons ons nie inlaat by die salaris kwessie van die boer nie, maar refereer die hele saak na die Raadskommissie.

3. Weens 'n misverstand is die besluit van die Raadskommissie van 20 Januarie 1932 nie neergeskrywe nie, nl:- dat in hul oordeel 'n planter nie nodig is nie vir die boerdery, maar wel 'n staal eg. Ons hoop die Raadskommissie sal hierdie saak regmaak. Intussen is ons bly om te sien dat die Sendingkommissie reeds die staal eg toegestaan het.

4. Die kwessie van die aanbly al dan nie van br G.Dippenaar op Derika kan ons nie bespreek nie, maar die word verwys na die Raadskom.

5. S/kommissie punt 1. Die Boerderykommissie stem in dat die hoender boerdery onbevredigend is, maar koester nie die minste verwagting dat die toestand vanjaar sal verbeter nie, en wel om die volgende redes:-

(a) Hoewel die hoenders 44 in getal in goeie kondiesie is, is 'n stuk of 10 ou henne en nie meer produserend nie, en die res van die stok nie meer opreg is nie.
(b) Die oorspronklike stok was opregte wit "Leghorn" hoenders, maar die twee wit hane wat vandag met die henne loop is "Wyndotts"; dit maak dit dus onmoontlik om opregte broeisels te verkoop.
(c) Die eiers moet dus as gewone eiers in die gewone mark verkoop word.
(d) Hier is geen kamp of behoorlik ingerigte plek vir die hoenderboerdery nie, en derhalwe loop die hoenders somar los op die werf.
(e) Ons gee aan die hand dat hierdie hele stok moet verkoop word, en dat wanneer toestande beter is, 'n behoorlike ingerigte opregte hoenderboerdery aan die gang gesit moet word; derhalwe sal dit nie nou nodig wees om die twee hane van die Suide te laat kom nie.

6. Beeste - S/kommissie punt 2.

(a) Dit spyt ons dat daar 'n klomp ou osse is, maar dit is moeilik om dit te verhelp, aangesien ons nie kopers het nie, en ons ook nie ingerig is om die vlees self van die hand te sit nie op die Boma. Ons gee aan die hand dat die ou osse van tyd tot tyd geslag word: om vir die vleis skoffelwerk gerig te kry.
(b) Dit spyt ons dat die toestand van die beeste op die oomblik onbevredigend is. Sedert ons laaste verslag het 23 beeste begin ly aan tsetsi (hul word gereeld gespuit).
(c) 'n Stuk of 10 ly aan aansteeklike siekte (huidsiekte) en sal vakant moet gemaak word.
(d) 'n Stuk of 4 het beserings opgedoen by die dip en 1 koei deur 'n leeu.
(e) Die gevolg van dit alles is dat die melk aansienlik verminder het. Die melkopbrengs is tans twee gel. per dag en derhalwe kan die mark nie van botter voorsien word nie.

7. Groente - S/kommissie punt 3. Wat die groente aanbetref is di waterskaarste gedeeltelik oorsaak van die mislukking gewees; hoewel as die boer al die watervore oopgemaak het, en met meer oorleg tewerk gegaan het, die toestand moontlik beter kon gewees het.

8. S/kommissie punt 4. Tot nou toe was die boer verhinder gewees om sy voorgenome besoek by die Z.I.M. Mkhoma en Mnr.Jerominsky af te lê;

weens 'n seer voet. Ons vra hom om dadelik vir £12- te rekwiseer vir hierdie doel.

9. S/kommissie punt 5. Ons is bly vir die aanbeveling dat 'n ander bul gekoop kan word; aangesien dit onmoontlik is om die oue te verruil of te verkoop. Die Voorsitter het reeds met Ehr.v.Leden gekorrespondeer omtrent die aankoop van 'n vriesbulletjie, maar het nog nie verder van hom gehoor nie.

10. S/kommissie punt 8. Daar is reeds 6 akkers koring gesaai en die boer is nog besig om meer koring in te sit. Daar is vier akkers mielies, 1¾ akkers ertjies en 4¾ akkers kafferkoring.

11. S/kommissie punt 9. Ons vra die Raadskommissie om toe te sien dat br W.Dippenaar 'n groente kar sal bou uit die ou motorstel.

12. Vrugte en koffie: Daar is nagenoeg 2000 koffieboompies in goeie drag vanjaar, omtrent 400 trosse piesangs wat vanjaar sal kan verkoop word; 110 lemoen en naartjiebome in goeie drag, (hoewel die naartjiebome nie in gesonde toestand is nie); 30 koejawelbome in drag en sowat 80 lukwartbome, en nagenoeg 40 pawpaws.

13. Besparings. Ons het die saak ondersoek en dit blyk onmoontlik om die werksvolk te verminder of die werksloon met meer dan £25-. Die boer sien kans om met £4- vir ploegdele uit te kom. Aangesien die 2 hane nie nou nodig is nie spaar ons ook daarby £2-. Ons herinner daaraan dat 'n planter nie meer nodig is nie, wat ook 'n besparing is. Ons versoek die Sendingkommissie beleefdelik dat die geld vir die sement (£9.19.0.) gestuur sal word, daar dit reeds gekoop en verbruik is. Ons kannie met die Sendingsekretaris saamstem dat die boerdery reeds betalend is nie, en ons meen dat dit onbillik is om werksvolk en werksloon te wil verminder, en dan steeds daarop te staan dat daar op groter skaal moet gesaai en gewerk word. Ons meen ook dat dit onbillik is van die Sendingsekretaris om ons werk met dié van die Kaapse Kerk te vergelyk, aangesien hier geen spoorweg of dergelike bemarking is nie. Soos b.v. waar daar verlede jaar 'n goeie mark vir mielies was, is daar vanjaar 'n oorproduksie weens die feit dat die meeste boere ook mielies op 'n groot skaal vanjaar gesaai het en die volk se oes baie goed is.

Aangesien die depressie so swaar druk en daar steeds op besnoeiing aangedring word, en aangesien die boerdery nie betalend is nie, is ons van mening dat dit beter sal wees om die boerdery tydelik te sluit. Ons vra die Raadskommissie om met die Sendingkommissie hieroor te korrespondeer.

Die vergadering word met gebed gesluit.

(Get.) 1. W. A. Krige.
2. C. J. Groenewald.
3. J. Taljaard.